MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

WIE MOET ONS KULTUURERFENIS BEWAAR?

Pretoria, 7 April 2015. Volgens Me Sonja Lombard, besturende direkteur van die Voortrekkermonument en Erfenisstigting, is die aanslag van studente, sogenaamde politici, opportuniste en gewone vandale op ons openbare gedenktekens en standbeelde die afgelope paar weke, eerder verdelend as versoenend en vernietig dit enige vorm van nasiebou waarop ons nog enigsins kon hoop.

Sy is van mening dat indien hierdie optredes sou voortduur daar binnekort geen sprake van ŉ unieke en onhernubare erfenis gaan wees waarop die bewaringswet (wet 25 van 1999) aanspraak maak nie.

Die bewaring van bedreigde erfenishulpbronne wat veral (maar nie eksklusief nie) vir die Afrikaner en Afrikaanssprekendes van kultuurhistoriese waarde is, is die hoofdoel vir die ontstaan van die Erfenisstigting (MSW). Volgens Lombard is dit dus hierdie organisasie se morele plig om nou toe te sien dat daadwerklike debat met wetstoepassers gevoer word en ŉ oplossing gevind word.

Hoewel in hierdie stadium slegs hipoteties, sou een van die interim oplossings kon insluit die tydelike verskuiwing van bedreigde erfenishulpbronne na die terrein van die Voortrekkermonument om hulle voortbestaan te verseker.

Die Erfenisstigting gaan vanoggend die Kruger-beeld op Kerkplein skoonmaak. Die Tshwane Metropolisie sou die plein en die beeld bewaak en het ook onderneem om ander erfenisterreine, waaronder die Voortrekkermonument, en openbare beelde te beskerm. Teen 10:00 vanoggend was daar egter nog geen teken van enige vorm van beskerming op die Voortrekkermonument- terrein nie.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT EN DIE ERFENISSTIGTING
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@vtm.org.za